

Negester

STERRELIIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 4 No. 8 Augustus 2022

Wysheid of Grysheid

Ek het verlede maand die Derek Redman storie met julle gedeel en ek wil graag nóg 'n sportstorie hierdie maand vir julle vertel.

Die Derek Redmanvoorval was gedurende 1992-Olimpiese Spele in Barcelona, maar dié een gaan heelwat verder terug, na 1936-Berlyn Olimpiese Spele en staan bekend as: "The medals of eternal friendship". Miskien sal van julle die storie nou onthou, maar vergun my die kans om dit te vertel vir die wat nie daarvan weet nie.

Die Japannese atlete Shuhei Nishida en Sueo Oe was twee van die paalspringers in die genoemde Olimpiese Spele. Die goue medalje was deur 'n VSA atleet gewen, maar die twee Japannese was gesamentlik in die tweede plek. Omdat hulle nie wou bes gee vir 'n tweede en derde plek nie, het die mededinging aangegaan totdat dit later te donker was om verder deel te neem en die beoordelaars het die kompetisie om 21:00 gestop, en vir die Japannese Olimpiese span gesê hulle moet besluit wie kry silwer en wie kry brons.

Die Japannese span het toe besluit dat Nishida die 2de plek en silwer sal wen, omdat hy met sy eerste sprong die hoogte van 4.25 meter gespring het en dat alhoewel Oe ook die hoogte bereik het, hy eers met sy 2de sprong oor die dwarslat kon kom. (Julle mag die hele idee vreemd vind, want dit is presies hoe die reëls tans werk, maar neem asseblief in ag dat ons hier van 1936 praat. Die reëls was nog nie so verfyn en uiteengesit nie. Die wyse waarop die Japannese Olimpiese span dit hanteer het, is toe slegs 'n paar jaar later net so geïmplementeer). Nadat die besluit geneem is, het die Japannese span laat weet dat Nishida 2de plek kry en Oe die 3de plek en dit is so gedokumenteer. Nie een van die twee deelnemers was egter tevrede met die beslissing nie.

Later, nadat die span terug in Japan was, het die twee spanmaats 'n plan gemaak. Hulle het die twee medaljes na 'n juwelier gevat en gevra dat hy die twee medaljes middeldeur moet sny en dit dan heg sodat beide medaljes 'n silwer- en brons medalje is. Sodoende het albei spanmaats 'n halwe silwer en brons gekry. Later toe die storie versprei het, het die storie bekend gestaan as die: "Medals of eternal friendship".

Aangesien die berig oor die "Medals of eternal friendship" glad nie die VSA-atleet wat goud gewen het se naam noem nie het ek my maar weer na die mens se beste vriend, Google, gewend en uitgevind dat dit Earle Meadows was en dat hy 'n hoogte van 4.35 meter gespring het.

Met die dat die wenner se naam weereens nie in die berig genoem was nie, en slegs na hom as 'n atleet van die VSA verwys word, begin ek nou ernstig wonder oor die feit dat jy nie 'n wenner hoef te wees... om onthou te word nie.

Komma, of 'n Punt.

Ria



Enige bydraes vir Sterreliig kan ge-e-pos word aan:

sterreliig9ster@gmail.com



Negesterre neem deel in Sterreliig!!!

Dankie vir al die "outeurs" in Sterreliig!
As jy nog nie jou storie/artikel met ons gedeel het nie, dan is dit nou jou kans....



Smart Vision Solar

Groothandelaar
en
Installeerders
van
PV Sonkrag Stelsels

Kontak
Willy 078 364 1416




Manne hierdie is vir julle...

- Jy kén hierdie woorde: byt-alarm, viskas, skepnet, grondvoer, spesiehengel...
- Jy kén ook die woordeskat en baie gelag oor: of jy gaan “visvang” en of jy gaan “hengel”.
- Jy kén al die stories van die grote wat weggekrom het... ai tog!
- Jy kén daardie gevoel van: “Ek benodig ’n bietjie Vitamien- viswater saam met die manne.”



Wel, jy hoef nie meer langer net te droom nie. Jou geleentheid het nou aangebreek, gaan oor tot aksie...



Hoe?

Kontak vir Cassie Walkers (337)

Sel: 0795155568

Huis: 014 736 2684

Jy sal bygevoeg word op die whatsapp-groep:

Alle reëlins, en wat ook al, sal op dié groep gedoen word.

Ek wag vir jou entoesiastiese oproep!

Cassie
(Hengelkoördineerder)

~~~~~

## Boererate

“Don’t try this at home...!”

### Vir Vratte:

Maak die vrat stukkend. Vat ’n mieliepit en smeer dit vol van die bloed. Gooi die pit vir die hoenders. Die vrat sal verdwyn.

### Vir vars Beskuitjies:

Strooi ’n lagie suiker onder in die blik.

### Vir Bloeding:

Plaas ’n spinnerak op die plek om die bloed te stop. (Dit is ook ’n ou Voortrekkerraat)

### Vir Kerse om langer te brand:

Kerse brand egalig en stadig as hul 24 uur in die yskas gelê het.

Vervolg...





## LAG 'N SLAG

Dis sy skuld:

Landdros: "Het ek jou nie laas gesê ek wil jou nie weer in die hof sien nie?"

Beskuldigde: "Ja, Edelagbare. Die polisieman wou my nie glo nie."



## Rooibos-straatbraai

Die Rooibossers het weereens 'n heerlike saamkuierbyeenkoms sommer net hier in ons straat geniet. Ons nuwe intrekkers, Robert en Marina, is met entoesiasme ontvang en bekendgestel aan almal. Rondom 'n yslike groot pot krummelpap en sous, heerlike slaaie, broodjies en opgewonde geselskap, het die middag veels te vinnig verby gegaan. Ons is dankbaar vir Jean Wolf en Tiny Neethling wat na hul operasies weer op die been was om saam te kon kuier. Sterkte ook aan Evelyn Best op haar herstelpad wat voorlê.

Hierdie kuier is al 'n instelling wat elke eerste Dinsdag van die maand plaasvind. Soms is dit net Danie en Marie wat alleen braai en ander kere is ons gelukkig om byna almal bymekaar te kan hê. Hierdie keer was Koos en Grieta Venter asook Raoul Beukes die werkendes wat nie kon saamkuier nie. Ons het julle gemis!

Tot groot vermaak van almal het klein FG, die Vosloos se kleinseuntjie, die ooms en veral die vriendelike tannies bederf met storiëttjies, "cheers'e" en die mooiste glimlaggies. Ons moet eintlik mos maar soos die kindertjies wees en alles van harte geniet. Dan vergeet ons van ons eie seer, verlange en sommer al die ander slegte goed wat soms ons vreugde steel.

Vriendskap is die draad wat ons saamsnoer in dankbare vrede. Ons is daar vir mekaar in vreugde en nood. 'n Ware klein familietjie van ons eie. Hierdie dierbare klomp Rooibossers verruil ek vir niemand anders nie.

Groetnis, tot 'n volgende keer.....

### Neeltje

#### Die tuin van vriendskap

Daar's 'n baie spesiale tuin waar blomme van vriendskap groei –  
Dit word gevoed deur vriendelikheid en word deur bedagsaamheid besproei –  
Die saadjies is die helpende hande wat vriende na jou reik,  
En liefde en lag is die reënbui wat versterk en verryk.  
Die wortels is mooi herinneringe aan dae reeds verby  
En die botsels 'n teer belofte dat vriendskap vir ewig bly.  
Dis die plek van vrede en stilte waar nuwe drome ontstaan....  
Dit is die vreugdetuin vol vriendskap waarsonder geen mens kan bestaan.

Na Amanda Bradley



# 'n Strepies-Kat in Durham-Raleigh, Amerika



In 'n vreemde omgewing soek 'n mens instinkmatig na bekende elemente om die onrustigheid in jou tot bedaring te bring. So merk ek dadelik tydens 'n besoek aan die stad Durham-Raleigh op dat daar rooi- en geelvinke is en dat al die sypaadjies vol "pride-of-India's" is. So teen die tweede dag kom groet 'n vriendelike strepieskat my by die ingang van my woonstel. Onmiddellik is ons goeie vriende en verstaan sy Afrikaans – ja, elke woord daarvan – ek vertel vir haar van my kat-kindere in Suid-Afrika en hoeveel ek na hulle verlang. Sy antwoord troostend deur aan te hou spin en kom sit op my skoot, doodgelukkig soos wat 'n mens maak wanneer jy goeie vriende is. Haar besoeke word 'n ritueel. Duidelik kom sy uit 'n gesin waar sy baie liefde ontvang en daarom kan sy ook baie liefde gee. Ek hou haar dop en merk dat sy aan die oorkant van die straat woon. Soggens as haar eienaar die huis verlaat, loop sy weg na my toe.

Hoe dikwels loop ons weg om die liefde wat Christus vir ons gee met vreemdes in Sy Koninkryk te gaan deel? Dalk daagliks soos die strepieskat, of nooit? Dan wonder ek of ons die opdrag: "Gaan maak dissipels van al die nasies", vergeet het? Ons ontvang Sy liefde gratis. Kom ons deel dit met mekaar en met mense in verre lande.

## Strepies



## Aurora Borealis & Aurora Australis

'n Klompie jare gelede was ek bevoorreg om Noorweë te kon besoek. Ek kon met daardie besoek ook uitkom by die dorpie Nordkapp. Dit is taamlik diep in die Noordpoolsirkel geleë, in die distrik Tromsø en dit is baie koud daar. Twee gewaarwordings sal ek altyd onthou; die Aurora Borealis – die noordelike poolligte – flitse reënboogkleure wat saans bokant die noordpool in die lug uitslaan; 'n wonderbaarlike kleurespel van die natuur. Die meteorologiese ouens het 'n verklaring daarvoor, maar vir my is dit eenvoudig 'n kleurespel wat mens verwonderd laat. Ek is dankbaar ek kon dit een keer beleef. Die tweede belewenis was die feit dat die son in Maartmaand nooit ondergaan nie; tussen sesuur tot elfuur beweeg die son al laer na die westelike horison, wel baie stadig, en dan beweeg die son bokant die horison stadig noordwaarts totdat dit agter die noordpool wegraak, net om 'n paar uur later weer aan die oostekant stadig te verskyn en al bokant die oostelike horison suidwaarts en geleidelik hoër te beweeg. As mens die ronding van die aarde by die noordpool en die draaiing van die aarde om die son in gedagte hou, is hierdie verskynsel maklik om te verstaan. Vir 'n gewone mens van Suid-Afrika ver suid, bly dit 'n unieke belewenis dat die son teen half-twaalf in die aand nog floutjies skyn.



Terloops: aurora beteken lig en borealis beteken noordeliks. Eweso beteken Australis suideliks, die beskrywing van die suidelike poolligte.

## Henk Kruger



## NEGESTER SE KLEINER VOLK



So 'n tyd gelede het dit geblyk dat eekhoringsgetalle drasties afgeneem het in ons omgewing en tans is daar min van die diertjies te siene. Wat kan die oorsaak wees? Die onoordeelkundige gebruik van rottegif het vermoedelik vrektes onder eekhorings veroorsaak. Kort gelede was daar ook gevalle van die onoordeelkundige aanwending van die dienste van pesbeheer-diensverskaffers. Sulke diensverskaffers is nie noodwendig ingestel om omgewingsvriendelik te wees nie – hulle gooi of plaas gif van enige soort op enige plek; op plafonne, buite om huise, ens, solank die "pes" verdwyn.

Dit is belangrik dat ons die hele habitat/ekosisteem moet beskerm sodat ons nie deur verkeerde aanwending van gif verdere onnodige vrektes van diere soos eekhorings, nagapies of voëls veroorsaak nie. Dit skep net 'n vakuum wat weer gevul sal word en wat dan? Vang en verwyder weer en weer, of sit gedurig gif uit?

Die oplossing vir die probleem lê in hoe om saam met die wilde diere op Negester te leef.

Gif moet regtig met omsigtigheid aangewend word. Racumin vir knaagdiere (huisplae soos rotte en muis) is omgewingsvriendelik en beskikbaar by supermarkte en koöperasies, **stel slegs binnenshuis** op met 'n tuisgemaakte gifstasie bv. 'n roomysbak.

Arrie

# 'n Boodskap uit die landgoedkantoor



Dagsê aan al ons Negesterre.

Ek kyk uit oor ons landgoed en sien hoe die gemmerbos en aalwyne pragtig in blom is, die gras en bome rus so bietjie en maak weer reg vir hulle groeiseisoen wat voorlê.

Op die oomblik is ons besig om aandag te gee aan twee groot projekte: die een is die erosie wat ons besig is om te bekamp en wat baie werk verg om in plek te kry voordat die volgende reënseisoen by ons is.

Die tweede is die wandelpaai wat ons op sekere plekke her-uitlê. In dieselfde asem is ons baie opgewonde oor die nuwe voetslaanpad wat ons besig is om rolstoelvriendelik te maak vir ons inwoners. Ons is ook in samewerking met die OBG besig om aanwysingsborde te maak en aan te bring sodat ons staproetes meer vriendelik sal wees om te gebruik.

Dit is egter ook met 'n redelike ontstelde gemoed wat ek hier sit, die rede daarvoor: dat ek met 'n pragtige Grootkol Musskeljaatkat moes injaag veearts toe; omdat die pragdier gif ingekry het. Die veearts het hom onmiddellik op 'n drup gesit en medikasie toegedien. Ongelukkig na amper 'n week van probeer het dit duidelik geword dat daar neurologiese skade aangerig was en moes ek die hartseer besluit neem. Ek rig 'n dringende versoek aan die inwoners om baie versigtig te wees met die uitsit van gif vir rotte en muise. Moet dit onder geen omstandighede buite julle huise plaas nie en gebruik net produkte wat ekovriendelik is. Daar is alreeds, en ook in hierdie uitgawe, volledige skrywes in hierdie verband uitgestuur en ek vra dat u daarop sal let.

Op die 10de September bied die OBG 'n omgewingsdag aan wat baie insiggewend gaan wees. Hou die platforms dop vir advertensies en onthou asb. om 'n struk te borg vir ons rehabilitasieprojek. Kontak vir Leonora in dié verband. Die wyngilde het 'n baie suksesvolle "Sop en sjerrie-aand" op 3 Augustus aangebied, wat terdeë deur elkeen teenwoordig geniet was.

Op die 12de Augustus het Kansa weer 'n potjiekos aand gehou. Elke gas het sy/haar eie klein potjie gebou en saam met die bykosse was daar heerlik gesmul. Die poeding na die tyd was 'n treffer.

Baie dankie aan almal wat die projekte ondersteun en saamwerk om die gesellighede so suksesvol te maak. Ons nooi almal op Negester uit om deel te neem aan ons projekte; dit word spesifiek vir ons inwoners aangebied en skep 'n goeie platform om nuwe mense (en jou bure) te leer ken.

Onthou: *Een van die mees opregte vorms van respek is om werklik te luister na wat iemand anders te sê het.*

Vriendelike Groete

Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)



## NOODNOMMERS

|                                   |                       |
|-----------------------------------|-----------------------|
| <b>Ambulansdiens Life 24</b>      | <b>082 040 5003</b>   |
| <b>Brandweer</b>                  | <b>014 736 8000</b>   |
| <b>Polisiediens</b>               | <b>014 736 9760/1</b> |
| <b>Stasiebevelvoerder</b>         | <b>082 565 8512</b>   |
| <b>Sigbare polisiëring</b>        | <b>082 414 2704</b>   |
| <b>Speurtakhoof</b>               | <b>082 319 9336</b>   |
| <b>HD Elektries (Dirk)</b>        | <b>083 660 0319</b>   |
| <b>Loodgieter (Eric)</b>          | <b>083 281 7789</b>   |
| <b>Suster Delia</b>               | <b>082 494 2717</b>   |
| <b>Landgoedbestuurder (Dawie)</b> | <b>071 734 3618</b>   |
| <b>Hospitale</b>                  |                       |
| <b>Provinsiale hospitaal</b>      | <b>014 736 7300</b>   |

# STOKPERDJIES

Johan Heydenrych  
Huis 246, Negester



Van my skooldae af het ek 'n liefde vir die natuur gehad. As leerder van die Landbou-skool kon ek baie na-ure in die berge en langs die Magaliesrivier rondloop. Die pragtige groot bome langs die rivier en in die berge het my geweldig beïndruk! Dis hier waar my liefde vir bome tot stand gekom het.

Na skool het ek deur die leiding van die Here (ek het nie geweet van natuurbewaring nie) by natuurbewaring begin werk. Hier het ek meer van bome geleer deurdat ek saam met mense, wat bome geken het, tyd in die veld deurgebring het. Nou eers het die besef van die groot verskeidenheid bome by my opgekom.

Met verloop van tyd het ek al hoe meer begin belangstel in bome. Ons het baie skoolvakansies op staproetes deurgebring in verskeie dele van die land, en so baie nuwe soorte bome leer ken.

Tydens ons verblyf in die Laeveld het ons by die dendrologiese tak aangesluit en hier is my kennis van bome verder verbreed. Nadat ons afgetree het en by Negester kom bly het, het ek ander spesies leer ken wat nie voorheen aan my bekend was nie. Hier op Negester het ek my kennis met ander begin deel deur boomuitstappies te onderneem. Daarmee saam het ek ook ander bome beter leer ken.

Die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika is 'n vrywillige organisasie van individue wat 'n vurige belangstelling in ons inheemse bome het. Die woord dendrologie het sy oorsprong in die ou Grieks en verwys na die vakgebied van die studie van bome. Hul doelstelling is die bevordering van kennis, beskerming en aanplanting van bome en die behoud van boom-oorheersde ekosisteme as 'n bydrae tot persoonlike verryking en volhoubare omgewingsbestuur.

Enige persoon wat in bome, veral inheemse bome, belangstel kan by die vereniging aansluit. Die aansoekvorms is by die naaste tak beskikbaar. Nadat jy lid geword het, kan jy die uitstappies meemaak soos dit jou pas.

Persone wat belangstel, kan kursusse deurloop. Dit bestaan uit teoretiese- en praktiese afdelings. Daar is 'n paar vlakke wat aangebied word, van 'n beginners- tot 'n gevorderde vlak.

Vir my is dit baie bevredigend om deur bome te loop en die bome te kan identifiseer. Ongelukkig nog nie almal nie.

Johan



## NOU...

**Afrikaanse spreuke en uitdrukkings:**

***Te diep in die broek gesprong.***

Betekenis:

Afrikaans: Sy broekspye is te kort.

Engels: He is wearing his trousers half-mast.



nou toe

## VARS GEDRUK...

“Watter kaart of watter ster sal ek jou wys om veilig deur die gryslanland heen te reis?” Deur DJ Opperman.

Ons het so pas vrouemaand gevier. Hierdie boek gaan oor Danny Fourie en Adrie-Louise van Renen. Danny het die boek geskryf oor hoe hulle ontmoet het en lief geraak het vir mekaar. Kort na hulle verlowing word Adrie-Louise geopereer vir 'n gebarste blindederm, net om agter te kom sy is ernstig siek. Sy bied aan om die verlowing te verbreek, maar Danny hou vol: Ons gaan saam wees nou en vir altyd. 'n Ware verhaal van merkwaardige liefde in die skadu van die dood.

“Grief never ends.... But change.

It's a passage not a place to stay.

Grief is not a sign of weakness,

Not a lack of faith....

It is the price of love.”

“Vergewe my, Here as ek haar te lief het, te lief het om haar te laat gaan”  
Danny Fourie



Groete van stoep tot stoep.

**Carol**



## Tong in die kies....



'n Baie suksesvolle druiweboer was bekommerd oor sy wynlandgoed. Hy het oud en sieklik geword. Sy groot bekommernis egter was sy twee seuns. Hulle was in een woordoms krywing: Bedorwe!

Vir hierdie twee, nie-hardwerkende jong boere, laat die pa die volgende boodskap: “Seuns, ek is siek en gaan binnekort... sterf. Ek wil egter voor my dood, hierdie geheim met julle deel: Hier in die wingerd lê 'n skat begrawe. Spit diep op die regte plek...julle sal die skat ontdek.”

Na die pa se afsterwe, vaar die twee seuns met graaf en pik die wingerd in. Hulle spit, pik, droom, sweet en dolwe die hele wingerd om. Vir dae en weke sien jy hulle werk soos nog nooit tevore nie...oor en oor word dieselfde prosedure in die wingerd herhaal. Die skat?...Nie gevind nie.

MAAR...die skat waarna hul gesoek het, het heel anders gelyk...

Daardie oesjaar was daar 'n druiwe-oes soos nog nooit tevore opgelewer nie.

Welvaart...harde werk...

*Gusta*

## Rocking Horse Kwekery

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

## SCHOEMBIE GARDENS

Now is the time to top your lawn and give the garden beds a boost

1 Cube = 14 wheelbarrows

1 bag = 1 wheelbarrow

Compost per bag R 50

Pig manure per bag R 30

Cube of compost / lawn dressing R600

Cube of pig manure R 350

Labour to spread or dig in R 100 per hour

(team of 3)

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376

# S O R G S E N T R U M

## Mens-dierverhouding en voordele van diere vir ouer persone

Die dinamiese verhouding of band tussen mens en dier geniet wêreldwyd aandag vanweë die wedersydse voordele wat dit vir albei partye inhou.

Tans woon ongeveer 55% van die wêreld se bevolking in stede, maar daar word verwag dat hierdie persentasie gaan verhoog. In die meer ontwikkelde lande, bly ongeveer 74% van die mense in stede, terwyl 44% van die mense in onderontwikkelde lande stedelinge is. Teen die jaar 2050 kan die syfers in die omgewing van 58% tot 75% wees. In die beton-oerwoud is menslike kontak met plant en dier noodsaaklik, maar nie verseker nie, terwyl dit op die platteland ongehinderd voortgaan.



Diere word al hoe meer aangewend as plaasvervangers vir maatskaplike tussenwerking in tehuise vir bejaardes, kinderbewaarskole en hospitale. Troetel- en geselskapdiere dien dus enersyds as voorwerpe vir spanningsontlading en andersyds as skakel met die natuur. Troeteldiere het 'n belangrike invloed op hoe mense oor hulself en oor die lewe voel. Hulle tree met buitengewone talent soos onderwysers en genesers op. Die emosionele-, sosiale- en fisiese bydraes en voordele van troetel- en geselskapdiere (veral honde) is onontbeerlik vir mense.

### Emosionele voordele

- Die gemoedstoestand van die mens word verbeter. Troeteldiere verlaag die gevoel van eensaamheid en isolasie omdat hulle kameraadskap bied.
- Daar is iets om voor te sorg en om te gee. Baie ouer mense wat alleen bly, sal jou vertel dat sy troeteldier die rede is waarom hy wil leef.
- Mense pas makliker aan na erge siektes en die dood. Kinders praat baie keer met hul troeteldiere vir troos indien 'n vriend of familielid gesterf het. Bedroefde volwassenes wat nie 'n nabye bron van ondersteuning het nie, beleef minder depressie indien hulle troeteldiere besit.
- Mense is minder angstig en voel veiliger. Troeteldiereienaars wat honde het, is geneig om minder bang en bedreig te voel dat hulle dalk 'n slagoffer van misdaad sal word.
- Hul bevorder ontspanning en verminder alledaagse stres. Troeteldiere kan daartoe bydra dat mense meer ontspanne is, dan is hulle konsentrasie nie op probleme en kwellinge toegespits nie.
- Fisiese kontak met diere. Die geleentheid om iets aan te raak, soos 'n troeteldier, is psigologies belangrik vir die mens.
- Mense bly aktief. Om 'n troeteldier te besit, lewer 'n groot bydrae om die mens aktief te hou. Die mens kry nie net oefening omdat hy met sy troeteldier stap nie, maar verhoog sy aktiwiteit deur kos vir die troeteldier te gee, hom te borsel en ook met hom te speel.
- Troeteldiere dra by tot beginselvastheid of konsekwentheid. Om te sorg en om te gee vir 'n troeteldier, het 'n aansienlike uitwerking op 'n mens se roetine. Dit gee vir die mens 'n taak om elke dag te verrig en waarna hy ook elke dag kan uitsien.



### Sosiale voordele

- Dit skep 'n gevoel van welstand en nabyheid. Opnames wat gedoen is voor- en nadat 'n gesin 'n troeteldier gekry het, wys dat 'n gesin gelukkiger is nadat die troeteldier tot die gesin toegevoeg is.
- Gesprekvoering word gestimuleer. Mense by 'n dierekliniek voer meer geredelik met mekaar 'n gesprek in die teenwoordigheid van 'n hond, as wanneer die hond nie daar is nie.
- Aanmoediging van interaksie. Inwoners van langtermynversorgingsfasiliteite is meer gewillig om aktiwiteitsessies, waar 'n dier teenwoordig is, by te woon.

### Fisiese voordele

- Die eienaars van honde se kans om langer te leef na 'n hartaanval, is gunstiger.



- Persone met troeteldiere het laer vlakke van cholesterol en trigliseriede, vergeleke met persone wat nie troeteldiere het nie. In 'n studie wat dit bewys het, was beide groepe se diëte, gewig en rookgewoontes dieselfde.
- Persone wat strestoetse of fisiese ondersoeke in die teenwoordigheid van 'n hond ondergaan, se hartspoed en bloeddruk verlaag gedurende die toetse.
- Troeteldiereienaars het soms beter fisiese gesondheid, omdat hul 'n behoefte aan oefening het en hul troeteldiere wil versorg.
- Hul verminder doktersafsprake en geringe gesondheidsprobleme. Die gebruik van voorskryfmiddels en die totale koste vir die pasiënt se versorging in die verpleeginrigting, daal wanneer geselskapdiere deel van die behandeling uitmaak.
- Sommige persone wat periodieke epileptiese aanvalle kry, sê dat hul honde dit aanvoel (voorspel) voor hulleself dit besef.
- Daar is diere wat die eienaar bewus maak van episodes of ontwikkelende voorvalle van hipoglukemie (bloedsuikergebrek) en dit gee die eienaar kans om aksie te neem in die voorkoming van 'n koma.

Honde en katte is die mees algemene troeteldiere wêreldwyd. Dit is noodsaaklik dat die gesondheidstatus van elke troeteldier en geselskapdier bo verdenking is en om te verseker dat kontak met die diere nie soönotiese besmetting (troeteldierverbondesiektes) sal veroorsaak nie. Voedsame, gebalanseerde kos vir troeteldiere en geselskapdiere is beslis ononderhandelbaar vir optimale gesondheid en immuniteit wat siektes kan weerstaan (byvoorbeeld sarkoptidose of scabies).

Bostaande artikel is saamgestel deur Dr. Jan du Preez, Veterinêre spesialis: Volksgesondheid, Zoonoses (2018: Section Farm Level).

*Delia Venter*  
(Gesondheidsorg Bestuurder)



## Wie kan ek kontak?

|                                                                  |                     |                     |
|------------------------------------------------------------------|---------------------|---------------------|
| <b>KLINIEK</b>                                                   | <b>014-736-3364</b> | <b>014-736-2770</b> |
| <b>Nood-nommer</b>                                               |                     | <b>072 312 3499</b> |
| <b>Berading daaglik beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)</b> |                     | <b>014-736-2580</b> |
| <b>GROEPWERK (Annatjie Moore)</b>                                | <b>014-736-2580</b> |                     |
| <b>Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)</b>                    | <b>014-736-2725</b> |                     |

| <b>Maak asseblief afsprake</b> |           |                              |
|--------------------------------|-----------|------------------------------|
| <b>Maandae – Vrydae</b>        | 7h30-9h30 | Kliniek                      |
| <b>Maandae</b>                 | 7h30-9h30 | Voetsorg                     |
| <b>Dinsdae</b>                 | 7h30-9h30 | Haarsorg                     |
| <b>Dinsdae</b>                 | 7h30-9h30 | Oudioloog (Elke 2de Dinsdag) |
| <b>Vrydae</b>                  | Middag    | Fisioterapeut                |



## Spreuke uit C.J. Langenhoven...



Wysheid:

“Hou jou glimlag vir jou vyand, jou trane vir jou vriend, jou hart vir jou ewemens, jou oordeel vir jouself, en jou gewete vir GOD. Hou jou vermoë, hou jou geloof, hou jou naam skoon, en hou jou mond.”

**GESONDHEIDSORG SEPTEMBER**

# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB



## WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktureel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

### ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.  
Voeg asb by u boodskap Negester.



#### TROTS GEASSOSIEER



Glen Manor Office Park, Building 5, Office2  
138 Fekkie De Beer Street, Menlyn, Pretoria, 0061  
Tel: +27 (0)86 184 3672  
Epos: info@nsb.co.za  
www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter  
Gereguleerde makelaar van finansieële dienste, FSP no. 15102

## EENSAME POTPLANT SOEK EIENAAR. . .



Langs Negester Boulevard, oorkant die Kliniek, staan 'n verlore vetplantjie in n pot. Te dankbaar vir reën of as iemand dit natgooi. Wat is die geheim van die ou plantjie???



Vir nog leidrade kontak vir Sherlock Holmes.

\*\*\*\*\*

## DIE DAG TOE WATER RAAKGEBOOR IS OP NEGESTER



My man is by sommige bekend vir, onder andere, sy passie vir – en kennis van vetplante en sy gewoel en gewerskaf met yster en staal, maar hy het nog een ander talent waarvan ons nie bewus was nie...

Hy self was ook onbewus van hierdie verskuilde talent totdat ons ons intrek hier op Negester geneem het. Ons het 'n klaargeboude huis van vorige eienaars gekoop en het opgewonde ingetrek, uitgepak en opgehang. Toe kom die spieël, wat in die hoofslaapkamer se badkamer gehang moet word, aan die beurt!

Die vorige eienaars het 'n vierkantige spieël in die badkamer gehad, wat hulle saam geneem het en die spieël wat ons daar wou hang is 'n ronde een.

Manlief meet en pas om mooi die middelpunt te bepaal tussen die twee gate waar die vorige spieël vas was en ook 'n bietjie hoër op, want die ronde spieël moet dié twee gate nou bedek. Die merk word gemaak en ons is gereed vir aksie! Soos die gebruik by ons is wanneer daar gate geboor word, staan ek ook reg met die stofsuiers se pyp reg onder waar die gat geboor word om die stof op te suig. Na 'n ruk se boor klink dit of die boorpunt vassteek en manlief stel die boor op hameraksie. Die volgende oomblik is dit net water wat spuit! Konsternasie! Hy gooi die boor neer en probeer die gat toe druk waar die water uitspuit, maar dan spuit die water net weer by die twee gate, waar die vorige spieël gehang het, uit! Hy skree op my om die stopkraan toe te draai en halfpad aan die hardloop onthou ek, "Maar ek weet nie waar die stopkraan is nie!". Hy skree terug dat hy ook nie weet nie en intussen sien ek net hierdie rivier wat deur die huis begin stroom!

Ons besef toe dis 'n onbegonne taak om die water te probeer keer as die stopkraan (wat ons nie weet waar dit is nie) nie toegedraai word nie. Gelukkig het manlief Tommie, van die konstruksie maatskappy wat die huis gebou het, se nommer op sy foon en bel hom vir hulp. Binne 10 minute was Tommie met 'n hele span hier om te kom help. Een hardloop om die stopkraan toe te draai en die ander gryp besems en lappe om te keer en op te droog.

Die ellende daarna wil ek nie eens oor praat nie, want dit behels toe dat teëls oopgekap en pype herstel moet word.

Vir 'n lang ruk daarna is geen gat geboor of iets opgehang in hierdie huis nie -toddan iemand darem later vir ons 'n metertjie geleen het waarmee jy kan bepaal waar daar waterpype in die mure is, want my man skyn toe nog die talent te hê om water ook te kan raakboor!

En tot vandag toe nog draai my maag as ek hoor iemand boor...



DALENE OOSTHUIZEN

# Negester Tuine

Die primêre doel van hierdie landskapriglyne is om die unieke eienskappe van die Bosveldlandskap, waarin Negester geleë is, te bewaar en te bevorder. Die gebruik van inheemse- en veral endemiese plante (dit is plante wat eie is aan 'n bepaalde gebied, in hierdie geval die Breëblaarbosveld) sal bydra tot die skepping van 'n ononderbroke en gesonde Bosveldhabitat. Dit is ook baie belangrik om voedsel en huisvesting vir Bosvelddiere (soogdiere, voëls, reptiele, amfibieë en insekte) te verskaf, want slegs dan sal hierdie diere hier gelukkig wees.

Alhoewel enige inheemse plante geplant mag word, is dit verkieslik om endemiese plante te gebruik, want sulke plante bied ook weerstand teen tipiese Bosveldomgewingsfaktore; die warm droë somers en koel winters asook teen die plantsiektes van hierdie wêreld.

Inwoners word dus aangemoedig om slegs inheemse plante te plant sodat die integriteit van die Bosveldatmosfeer nie versteur word nie. Indringers moet, volgens Suid-Afrikaanse wetgewing, verwyder word.

Daar mag geen ontwikkeling in die groenstrok plaasvind nie. Dit sluit aanplantings, sitplekke, fonteine, potte, stoorareas, ens. in. Dit is verbode om bome, plante, rotse of selfs dooie plantmateriaal uit groenstrok te verwyder omdat dit die mikrohabitat van ons kleiner inwoners versteur. Groenstrok mag ook nie verlig word nie omdat dit die nagdiere (en dagdiere) se bedrywighede versteur.

Hierdie is aanbevelings van plante wat goed in die Breëblaarbosveld groei. Inheemse bome wat nie hier aard nie, of te groot is vir ons tuine word nie genoem nie. Hierdie is slegs riglyne, alle inheemse plante mag geplant word.

## Bome

Bergkaree (*Searsia leptodictya*)\*  
Bergsering (*Kirkea wilmsii*)  
Blinkblaar-wag-'n-bietjie (*Ziziphus mucronata*)  
Blompeer/Bruidjie-van-die-Bosveld (*Dombeya rotundifolia*)\*  
Bloughwarrie (*Euclea crispa*)\*  
Bosveldbloubos (*Diospyros lyciodes* subsp. *guerkei*)\*  
Bosveldkandelaarnaboom (*Euphorbia cooperi*)  
Brandtaibos (*Searsia pyroides*)  
Broodboom verskeie soorte  
Dopperkiaat (*Pterocarpus rotundifolius* subsp. *rotundifolius*)  
Dopruim (*Pappea capensis*)  
Enkeldoring (*Acacia robusta*)  
Fluweelboswilg (*Combretum molle*)\*  
Gewone ghwarrie (*Euclea undulata*)\*  
Haakdoring/Wag-'n-bietjie-doring (*Senegalia caffra*)\*  
Haak-en-steek (*Vachellia tortilis* subsp. *heteracantha*)  
Huilboerboon (*Schotia brachypetala*)  
Huilboom (*Peltoporum africanum*)\*  
Kameeldoring (*Vachellia erioloba*)  
Kannabas (*Dais cotinifolia*)  
Karee (*Searsia lancea*)\*  
Kasuur (*Pittosporum viridiflorum*)  
Katjeepering kyk Transvaalkatjeepering en Wildekatjeepering  
Kiepersol (*Cussonia transvaalensis*)\*  
Kiepersol (*Cussonia spicata*)\*

Kierieklapper (*Comretum hereroense*)\*  
Kokoboom (*Maytenus undata*)  
Koraalboom (*Erythrina lysistemon*)  
Kurkbos (*Mundulea sericea*)\*  
Laventelboom (*Heteropyxis natalensis*)\*  
Laventelkoorsbessie (*Croton gratissimus*)\*  
Lekkerbreek (*Ochna pulchra*)\*  
Lekkerruikpeul (*Vachellia nilotica*)  
Moepel (*Mimusops zeyheri*)\*  
Naboom (*Euphorbia ingens*)\*  
Nanabessie (*Searsia dentata*)  
Notsung (*Halleria lucida*)  
Olienhout (*Olea europaea* sunsp. *africana*)  
Ouhout (*Leucosidea sericea*)  
Papierbasvalsdoring (*Albizia tanganyicensis* subsp. *tanganyicensis*)\*  
Pietersieliebos (*Heteromorpha arborescens* var. *abyssinica*)  
Raasblaar (*Combretum zeyheri*)\*  
Riviervaderlandswilg (*Combretum erythrophyllum*)  
Sekelbos (*Dichrostachys cinerea* subs. *africana*)\*  
Soetdoring (*Vachellia karoo*)  
Stekelblaarklapper (*Strychnos pungens*)\*  
Swartbas (*Diospyros whyteana*)  
Taaibos (*Searsia pyroides*)\*  
Transvaalkatjeepering (*Gardenia volkensii*)\*  
Vaalboom (*Terminalia sericea*)\*  
Vanwykshout (*Bolusanthus speciosus*)\*  
Waterbergkiepersol (*Cussonia transvaalensis*)  
Wildekatjeepering (*Rothmannia capensis*)  
Wildemispel (*Vangueria infausta*)\*  
Wildeperske (*Kiggelaria africana*)

Witpeer (*Apodytes dimidiata* subsp *dimidiata*)  
Witstinkhout (*Celtis africana*)\*  
Witysterhout (*Vepris lanceolata*)  
Bome met \* gemerk is endemies aan ons omgewing en groei goed in ons tuine

### Struike

Beeskou (*Bauhinia tomentosa*)\*  
Blinkblaar (*Rhamnus prinoides*)  
Blou heuningklokkiebos (*Freylinia tropica*)\*  
Blousyselbos (*Plumbago auriculata*)  
Bosveldbloubos (*Diospyros lycioides* subsp. *guerkei*)\*  
Bosviooltjie (*Barleria obtusa*)  
Deurmekaarbos (*Ehretia rigida*)  
Draaibos (*Felicia filifolia*)  
Fynblaarrooihout/Mickey-Mouse-bush (*Ochna serrulata*)  
Geelkeurtjie (*Eriosema psoraleoides*)  
Gemmerbos (*Tetradenia riparia*)\*  
Gouemagrietjie (*Euryops pectinatus*)\*  
Grootnoemnoem (*Carissa macrocarpa*)  
Jembekkie (*Ruttya fruticosa*)  
Kaapse kanferfoelie (*Tecoma capensis*)\*  
Kersbruidsbos (*Pavetta gardeniifolia* var. *gardeniifolia*)  
Kleinkoraalboom (*Erythrina humeana*)  
Kraalnaboom/"Firesticks" (*Euphorbia tirucalli*)\*  
Kruisbessie (*Grewia occidentalis*)\*  
Lemoentjiedoring (*Cassinopsis ilicifolia*)  
Noemnoem kyk Grootnoemnoem en Ranknoemnoem  
Pienksalie (*Orthosiphon labiatus*)  
Poublom/geel wilde iris (*Dietes bicolor*)  
Ranknoemnoem (*Carissa edulis*)  
Rosyntjiebos (*Grewia flava*)\*  
Saliehout (*Buddleja salviifolia*)\*  
Sandolien (*Dodonaea angustifolia*)  
Silwersuikerbos (*Protea roupelliae*)  
Skurweblaarrosyntjie (*Grewia flavescens*)\*  
Snuifkalbassie (*Oncoba spinosa*)  
Spekboom (*Portulacaria afra*)  
Spoorsalie (*Plectranthus fruticosus*)  
Vaalrosyntjie (*Grewia monticola*)\*  
Vlam-van-die-vlakte/ Pride-of-de-Kaap (*Bauhinia galpinii*)\*  
Vlesige Bos-senecio/Jelly beans (*Senecio barbertonicus*)  
Wildedagga (*Leonotis leonurus*)\*  
Wildeparasolblom/Chinese-hat plant (*Karomia speciosa* forma *speciosa*)  
Witolien (*Buddleja saligna*)\*

Struike met \* gemerk aard baie goed hier

### Meerjarige kruide, grondbedekkers en bolplante

Aalwyne verskeie soorte  
Agapante verskeie soorte  
Aspersievaring (*Asparagus asparagoides*)  
Balsem kopiva/Katstert (*Bulbine frutescens*)  
Barbertonse madeliefie (*Gerbera jamesonii*)  
Botterblom (*Gazania krebsiana*)  
Boslelie (*Clivia verskeie soorte*)  
Gestreepte varing (*Pteris vittata*)  
Groot wilde-iris, Feë-iris (*Dietes grandiflora*)  
Hen-en-kuikens (*Chlorophytum comosum*)  
Jakkalsstert (*Asparagus densiflorus Meyersii*)  
Knoffelblommetjies (*Tulbaghia violacea*)  
Malva (*Pelargonium*) verskeie soorte  
Nooienhaarvaring (*Adiantum capillus-veneris*)  
Olifant-se-tandestokkies (*Sansevieria pearsonii*)  
Oranjerivierlelie (*Crinum bulbispermum*)  
Plakkie/Beestebul (*Crassula ovata*)  
Plakkies (*Cotyledon orbiculata*)  
Poublom, Uiltjie (*Dietes bicolor*)  
Sabielelie (*Crinum macowanii*)  
Skaduplakkie/Feetjieplakkie (*Crassula multicava*)  
Skinderplant (*Plectranthus verticillatus*)  
Skoonma-se-tong (*Sansevieria hyacinthoides*)  
Smaragvaring (*Asparagus densiflorus Sprengeri*)  
Varkore (*Zantedeschia aethiopica*)  
Wilde iris (*Dietes grandiflora*)  
Wildepynappel (*Eucomis autumnalis*)

### Rankplante

Blomklimop (*Senecio macroglossus*)  
Clematis-klimop/Traveller's Joy (*Clematis brachiata*)  
Geelklokkies (*Littonia modesta*)  
Hikklimop (*Combretum bracteosum*)  
Sterretjiesjasmyn (*Jasminum multipartitum*) NIE die Chinese Sterjasmyn nie  
Swartoognooi/Black-eyed-Susan (*Thunbergia alata*)  
Vlamklimop (*Comretum microphyllum*)

### Grasperke

Grasperke mag nie tot in die groenstroke groei nie  
Kikoejoe (*Pennisetum clandestinum*) en ander indringergrasse mag nie geplant word nie  
Buffelsgras (*Stenotaphrum*)  
Kweek/Bermudagrass (*Cynodon dactylon*)  
LM (*Dactyloctenium*)

**Daar is werklik duisende inheemse Suid-Afrikaanse plante. Vir 'n volledige lys, besoek die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI) se webwerf: [pza.sanbi.org](http://pza.sanbi.org)**

# André en Sandra op die bank met Sandra



Na ons kuier by André en Sandra besef ek net weereens die waarde van vriende. Hoeveel van ons se verhoudings het nie begin deurdat 'n vriend van 'n vriend ons aan mekaar voorgestel het nie? André en Sandra Fritz het mekaar by die kerk ontmoet deur 'n gemeenskaplike vriend wat hul aan mekaar voorgestel het. Hul is in 1986 getroud en het drie kinders. Hul oudste seun, Delmaine, is getroud met Lindi en hulle het twee dogtertjies. Wayne is ook 'n gelukkige inwoner van Negester en hul laatlam dogter, Nadine, het pas afgestudeer en werk in Johannesburg.

Ons word bederf met heerlike koffie en kerskoek wat Sandra se sussie bak en verkoop. Dié kerskoek kan met vrymoedigheid aanbeveel word.



Sandra is 'n boorling van Vanderbijlpark en het haar BCom-graad by die Rivierpukke verwerf. Sy begin in Johannesburg as rekenmeester werk en pendel daaglik tussen Vanderbijlpark en Johannesburg. Sy het later as finansiële bestuurder by IMAS gaan werk tot met haar aftrede in 2020.

André is in Ermelo gebore en beland op 'n interessante wyse by Yskor in Pretoria. Sy neef het gaan aansoek doen om by Yskor te gaan werk en vra vir André of hy asseblief saam met hom sal ry. So gesê so gedaan. Terwyl die neef sy aansoekvorms invul vra die personeelbeampte of André nie ook daar wil kom werk nie. So beland André by Yskor en kry die geleentheid om sy vakmanskap as pas-en draaier te voltooi. Met die veranderinge by Yskor word hy in 2010 afgelê en gaan hou vir nege jaar skool by Transvalia.

As ATKV-lede het André en Sandra in die Taalgenoot en op RSG van Negester te hore gekom. Hul dogter het een Saterdag hokkie gaan speel teen Pietersburg Hoërskool en met die terugry het hul by Negester ingedraai, André vertel toe hul by die hek indraai het hy geweet, hier wil hy bly. Hul het via Google maps hul erf gekies, in 2019 die erf gekoop en in 2021 ingetrek.

André en Sandra het jaarliks by Natalia gaan vakansie hou en besoek graag die Krugerwildtuin. Hul is lede van die jukskei-groep en die Skopsuile en sien uit na die volgende saamkamp.

Soos Sandra sê: "Om te lewe en om hier op Negester te kan woon is 'n *blessing!*" Hier kan ons saam kuier, saam die voëls voer, saam boomname leer ken en sommer net die bosveld geniet.

\*\*\*\*\*



### Het jy geweet?

Afrikaans, Engels en Latyn- 'n interessante woord.  
Die woord "**juksteposisie**" beteken sy-aan-sy langs mekaar, soos twee trekosse onder dieselfde juk. As mens die woord uitmekaar haal lyk dit asof die woord sy betekenis presies uit die Afrikaanse situasie van twee agterosse onder dieselfde juk kry. Nee, dit kom uit Latyn: juxta>naby en posere>posisie. Engels het dieselfde woord: juxtaposition. Ek dink nog steeds Afrikaans kon maar die oorsprong van die woord gewees het- juk-staan-posisie.  
*Henk K.*

# Hou jy van...lag, gesels en kuier...?

Om te kuier is een ding. Om lekker te kuier is 'n ander ding. Om by Langplaas familierestaurant te kuier is heeltemal 'n ander soort kuier, MAAR om by dié restaurant te kuier saam met ander Negester-inwoners, 'n hele vyf-en-twintig (25),... Dit is nét die ding! 'n Volwaardige, ordentlike en genotvolle kuier.



Geen wonder daar is 'n Spaanse spreekwoord wat lui: "Geniet die genot wat na jou kant toe kom."

Saterdag 23 Julie 2022 het 'n bekende Afrikaanse sangeres opgetree by Langplaas, Liezel Pieters. Heerlik kon almal saamsing, handeklap en selfs dans as jy wou. Een van die groepe wat 'n gees-prys gewen het, was, kan jy nou meer, 'n jolige klomp Negesterre. Vinnig is die prys, 'n oester, afgesluk. Nie 'n oester, oester nie... 'n klein-glasie-drinkie, genaamd "oester". Veels geluk aan die dapper slukkers...



Daar was gesmul aan pizzas, hamburgers, hoenderkonkoksies en spesiale "slap tjips"... vinger-lek-lekker!

Ons het heerlik gekuier met ou en nuwe vriende en die kunstenaar se talent waardeer.

Die hoogtepunt van die aand was natuurlik toe 'n persoon, geïdentifiseer deur die sangeres, aangekondig is. Wie? Dié persoon met die meeste gees, wat lekker saamgesing het, en natuurlik ook danspassies uitgevoer het... die wenner van 'n pragtige geskenkpak met houtbord, braaispeserye, ens... Negester se eie "DJ"! Vir die wat nog nie weet nie, ons eie Derek Grobler. Veels geluk ou vriend!

'n Baie gesellige kuiertjie by Langplaas. Ons gaan weer, want nóg sulke byeenkomste word beplan, so sê die eenaars. Jy wil ook seker nou saamgaan... dan nie?



~Gusta~

\*\*\*\*\*

## Wie wen die koek?



Die NG moedergemeente Warmbad, is 100 jaar oud. As deel van die feesviering is die dankofferfees op Saterdag 30 Julie 2022 gehou. Trudie, Erika en Christa is die sameroepers in Negester en was verantwoordelik vir die verskaffing van poedings en gebak. Dames in Negester wat betrokke was, het gebak en ook by die tafel met die verkope ondersteuning gegee. Erika het besluit om 'n groot sjokoladekoek te bak en lootjies is verkoop.



Ds. Otto het die lootjies getrek en Charmaine van Zyl, wie in Negester woon, was die gelukkige wenner. Sy het toe die koek aan Rusoord ouetehuis geskenk.

Nellie

\*\*\*\*\*



Om te adverteer in Sterreilig:  
E-pos vir Nellie Buitendag:  
[goempieb@gmail.com](mailto:goempieb@gmail.com)



Contact me

Carin Boshoff | 082 419 4642  
carin@boshoffeiendomme.co.za



## Sekuriteit

### Belangrike inligting!!

- Geen oop vure mag gemaak word nie, aangesien dit steeds brandseisoen is.
- Is jou mediese-inligting op datum by Suster Delia?
- Lees gerus weer die e-pos van 1 Maart 2022: "Bewusmaking-skrywe".
- Daar gaan **WEL** binnekort 'n opvolg ontruimingsoefening wees. Jou versamelpuntkoördineerder sal met jou kommunikeer.
- Kyk goed na mekaar en wees jou bure se "buddy".
- Leef die volgende aanhaling: "Twee mense wat as 'n span saamwerk, voer heelwat meer uit as drie wat alleen op hul eie werk." Dit is samewerking.
- Let daarop dat jou versamelpunt nou 'n duidelike geel plakker het met jou versamelpuntnommer, opsigtelik herkenbaar.
- Het jy al jou noodsak bymekaar? Lees wéér die artikel: "Mayday-Mayday!" Sterreilig April 2022.

Gee vandag nog aandag aan dié belangrike sake. Môre, sê jy dalk: "As en maar net..."

Bly veilig en gesond!

Nood- en Sekuriteitsbelangegroep





# VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

**Familie: Asparagaceae Genus: Sansevieria (Skoonma se tong, renostergras, Snake plant)**

## **INLEIDING.**

Die genusnaam Sansevieria kom van die Italiaanse wetenskaplike Raimondo di Sangro (1710-1771), Prins van San Severo. Die genus was oorspronklik Sanseverinia genoem deur Vincenzo Petagna in 1787, ter ere van sy beskermheer Pietro Antonio Sanseverino, Graaf van Chiaromonte (1724-1771), in wie se tuin Petagna die Sansevieria plante gesien het.

## **OORSPRONG.**

Die Sansevieria genus bestaan uit sowat 70 spesies plante wat onder groep 1 van tuinvetplante sorteer. Hulle is deel van die asperagus plante waarvan ons die wortels eet. Die oorsprong van die Asparagaceae familie is tropies Wes-Afrika, van Nigerië, oos tot in die Kongo, Madagaskar en Suidelike Asië. Hierdie familie plante is gedurende 1794 die eerste keer aan die Westerse wêreld bekendgestel deur die Sweedse natuurkundige Carl Peter Thunberg (1743-1828).

## **ALGEMEEN.**

Sansevieria plante simboliseer skoonheid, gehardheid, volharding en geluk wat die plante 'n ideale geskenk maak vir iemand wat die natuur liefhet of as 'n huisinwydingsgeskenk. Navorsing het bewys dat die blare van hierdie plante toksines uit die lug binne 'n vertrek opneem en suiwer om suurstof af te gee. Dit is ook 'n gewilde Feng-Shui plant en word geassosieer met geluk. Die *Sansevieria trifasciata* van die Demokratiese Republiek van die Kongo is baie gewild as binnenshuise potplant as gevolg van sy pragtige, dwars- en in die lengte gestreepte blare (Kyk na die foto by die artikel).

Een van die mees algemene probleme met die kweking van plante, is dat hulle geneig is om insekte en muskiete te lok. In die geval van Sansevierias skei die plant 'n chemiese stof, Saponin af wat muskiete verdryf. Saponin is matig toksies en troeteldiere en kinders moet nie uit nuuskierigheid aan die plante vat, ruik of proe nie.

## **VOORKOMS EN KWEKING.**

Hierdie spesie plante wissel van klein tot medium groot, met plat, regopstaande, blare wat 'n skerp rand en punt het (Dit verwys na 'n skoonma se tong – "sorry" skoonma's!) wat in 'n rosetvorm uit die grond groei. Die rosette hou op groei nadat die plante geblom het en neem 'n paar jaar om weg te kwyn. Die blare is baie veselagtig en word vandag nog tradisioneel gebruik vir die maak van tou. In sommige gevalle is die blare donker met ligte vlekke, soms met 'n dun geel rand of breë blare soos in die geval van die Sansevieria Whale's Fin waarvan 'n foto by hierdie artikel verskyn. In die geval van *Sansevieria cylindrica/pearsonii* is die blare silindervormig met elk 'n baie skerp punt en riffies in die lengte van die blare. Die blare van Sansevierias groei uit ondergrondse risome wat maklik verdeel kan word of die blare kan dwars in kleiner stukke gesny en geplant word om dmv vegetatiewe kweking nuwe plante te kry.

Sansevieria plante het slegs een maal elke 10 dae water nodig in die somer en een maal per maand in die winter. Hierdie plante is baie maklik om te onderhou en baie waterwys as tuinplante en potplante. Hulle verdra selfs 'n groot mate van verwaarlosing. Ek was verbaas om die aantal spesies in tuine en in die veld hier by Negester te sien. Plant Sansevierias in goed dreineerbare, effens sanderige grond en laat die potmengsel uitdroog tussen elke watergee. Probeer om nie hierdie plant in die roset water te gee nie, dit kan verrotting veroorsaak.

Algemene wenk: Meer skade kan aangerig word deur potplante volgens 'n program water te gee. Toets eerder die grondvogtigheid van elke potplant gereeld en gee slegs water indien die groeimengsel droog is.

Ek het met die skryf van hierdie artikel hoofsaaklik Google as bron gebruik en was verstom om die magdom Sansevieria spesies te sien. Gaan kyk gerus, dit is 'n belewenis.

Groetnis, van tuin tot tuin.

*Cobus Oosthuizen*



*Sansevieria Whale's Fin*



*Sansevieria pearsii/ cylindrica*



*Sansevieria trifasciata*



# Uit Grootjie se kombuis... “Potjiekos”

Die ou tradisie het sterk op die voorgrond getree nadat ons herontdek het wat ons voorvaders nog altyd geweet het:

Dat daar inderdaad niks is wat 'n oordeelkundige kombinasie van smaaklike stukkies vleis en vars groente kan oortref nie.



Die kos moet lank en stadig gaargemaak word. Wat daarvoor nodig is, is die geuriger- eerder as die duurder vleissnitte, en verbeeldingryke kombinasies van groentes wat die vleis aanvul, min kole en gesellige samesyn rondom die...Potjie!

En so in ons moderne, hedendaagse lewe seëvier steeds ons tradisies en resepte uit:  
“Grootjie se kombuis.”

### Hoe klink...?

- Skaapribbetjipotjie
- Soutribbetjipotjie
- Waterblommetjipotjie
- Alles-in-een potjie
- Afvalpotjie
- Seekspotjie
- Allegaartjipotjie
- Kerrie- en piesangpotjie

**Kluitjies kan by die meeste potjiekosresepte gevoeg word.**



### Gusta

\*\*\*\*\*

## CANSA POTJIEKOS-AAND 12 AUG 2022



Die inwoners van Negester het die CANSA potjiekosaand op 12 Augustus 2022 saam geniet en heerlijk gekuier. Donderdag is daar voorberei en groentes gekerf. Van ons dames, Tersia, Erika, Ria, Charlotte en Des was deel van die groep wat groentes en vleis bewerk het, stampmielies en rys gekook het asook voorbereiding van die saal. Kantoorpersoneel het die tafels en stoele reggesit. Donderdag oggend is ingespring om al die groentes te kerf en Vrydag oggend is tafels gedek en al die voorbereiding gedoen om dit 'n onvergeetlike aand te maak.

Vrydagaand is potjies gemaak, asook nuwe vriende. Later die aand is twee bottels wyn opgeveil en inwoners het hand

in die sak gestee. Goeie pryse is behaal!

CANSA is dankbaar vir: Pick 'n Pay: Bela-Bela en Modimolle, Primecut Slaghuis Bela-Bela, Goosen Hoenderboerdery, Willie Humphreys en Cate-a-Bake Modimolle, vir die skenking van groentes, vleis, rys, stampmielies, souse en roomys. Aan die dames wat so fluks was, ook baie dankie.

CANSA waardeer die ondersteuning deur inwoners van Negester, aangesien CANSA se bestaan afhang van fondsinsamelingsprojekte. (Geen finansiële ondersteuning deur die staat word ontvang nie.)

Groete tot 'n volgende kuier!

Nellie  
**CANSA verteenwoordiger**



## Carwash@Yourplace

**Basic @R120**

Wash / Dry / Vacuum

**Executive @R150**

Wash / Dry / Vacuum / Dash shine  
Tyre shine

**Special Treat @R180**

Wash / Dry / Vacuum / Dash shine  
Tyre shine / Hand polishing & Shine

Owner operated / Eienaar toesig

Afsprake / Bookings:

Fc Eloff

Cell: [0849130465](tel:0849130465)



LEER KEN VIR...

## Lukas Marakalala

**Verjaardag:** 7 Maart.

**Eggenoot:** Rienkie Manyela

**Kinders:** Kgauelo 10jr, Kgutso 8jr.

**Pos by Negester:** Service / maintenance

**Beskryf jouself:** Vriendelik, snaaks, werk hard, familieman.

**Gunsteling kleur?** Blou.

**Gunsteling sportsoort?** Soccer.

**Sportheld:** Bennie McCarthy.

**Gunsteling kosgereg?** Potjiekos.

**Gunsteling nagereg?** Jelly & custard.

**Gunsteling Outeur?** Bybel

**Gunsteling TV-program:** Skeemsaam (TV 1)

**Wat is jou stokperdjies?** Tuin, speel saam met kinders.

**Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek?**

Bela-Bela Lodge, Weesgerus.

**Noem twee dinge op jou "bucket list":** Kar koop, mooi huis bou.

**Wat maak jou hartseer?** Vloek, sleg behandel.

**Wat maak jou gelukkig?** Vriendelik wees, mooi saamwerk, geen apartheid.

**Kies een woord:**

|                        |             |
|------------------------|-------------|
| <b>Kos:</b>            | Warm        |
| <b>Seisoen:</b>        | Winter      |
| <b>Ry:</b>             | Stadig      |
| <b>Vakansie:</b>       | Binneland   |
| <b>Persoonlikheid:</b> | Ekstrovert. |



\*\*\*\*\*

## Plantbrokkies

'n Fyne, kleine blommetjie:

Van ver af lyk hierdie plantjie soos net nog 'n plat onkruid. Van nader beskou is dit egter 'n klein blompant met pragtige delikate blommetjies. Hierdie kleinste sewejaartjie se gepaste boere naam is seker lank gelede deur kinders uitgedink, nl. Poprosie. Sy geleerde naam is *Helichrysum argyrosphaerum*.

Dis 'n eenjarige kruid met plat stingels en grys, wollerige, yl blaartjies. Die blommetjies is geel met pienk punte en dit verbleik na wit wanneer dit oud word. Heerlike speelgoed vir klein dogtertjies!

Dit groei op sanderige, versteurde grond en is dus by ons veral op ou sypaadjies te sien, soos die op die foto's wat oorkant Roelf-hulle se huis, nr. 384, geneem is.



*Leonora*

# WYNGILDE

Op Woensdag, 3 Augustus, het 53 Negester wynvriende 'n heerlike sop- en sjerrie aand gehou in die Klubhuis. Ben van Niekerk het ons op 'n baie insiggewende en soms vermaaklike manier, meer vertel oor die oorsprong van sjerrie. Daarna is sowat 45 liter groentesop en "butternut" sop, gemaak deur Riana, Neeltje, Wilna, ouma Hannie en Alida, saam met 'n verskeidenheid brode, terdeë geniet. En, soos dit 'n wyngilde betaam, is sjerrie, port en wyn van elkeen se keuse saam met die ete geniet.



## Weereens 'n baie gesellige kuier!

Die wyngilde kom 2 maandeliks op 'n Woensdag-aand van 18:00 tot ongeveer 20:30 bymekaar. Indien jy wil aansluit, stuur asb. jou besonderhede aan Derek (0832865066) of Alida (0716096705), sodat jy op die Whatsapp groep bygevoeg kan word. Ledegeld beloop R100.00 p.p.p.j.

Wyngroete



*Alida*





## Deur my Negester kameranens

“Memories” vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .



Deel ook j u “memories” met die inwoners.

# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel

### DWARS




- 1 \_\_\_\_\_?
- 4 \_\_\_\_\_ Matthysen van Matthysen oudioloë is elke 2de Dinsdag vanaf 9vm tot 1nm by die sorgsentrum om gehoortoetse te doen?
- 6 Modelle bou is een van sy passies en hy is dankbaar vir goeie gesondheid wat hom die geleentheid gee om dit uit te leef?
- 8 Sameroeper van visvang?
- 9 Dié bome lyk nogal soos bloekombome met hulle regop stamme en smal, neerhangende blare?
- 11 9Ster stap saam in die virtuele staptog teen ...aanvalle?

### AF

- 2 Waarvoor is 'n bakkie aangekoop?
- 3 Wat sal jy in Annatjie se binnehof aantref?
- 5 Sameroeper van Veiligheid en Sekuriteit?
- 7 Blokraaisel-wenner vir Julie?
- 10 Lawrence se gunsteling nagereg?
- 12 By wie kan jy aanklop vir inligting rakende CANSA?
- 13 Elke tweede week, Donderdag om 14h00?



baie geluk aan ons wenngers!!



Neem 'n foto van die voltooide blokraaisel en WhatsApp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.



\*\*\*\*\*

## KOPKRAPPER



### TAALTOETS

EK HET NOG NOOIT GEHOOR VAN TOUSPRING NIE EN EK HET OOK NOG NOOIT GESIEN HOE 3 KINDERS DIT DOEN NIE. Beskryf kort maar duidelik hoe drie kinders dit doen en e-pos jou poging vir my by [henk.b.kruger@gmail.com](mailto:henk.b.kruger@gmail.com) Die beste poging gaan Sterrelig toe.

Henk Kruger

## SPORT/ONTSPANNING

| Tyd           | Maandag        | Dinsdag     | Woensdag | Donderdag      | Vrydag  |
|---------------|----------------|-------------|----------|----------------|---------|
| 06:00 – 06:45 |                |             |          | Manne bid-uur  |         |
| 7:30 – 9:30   | Jukskei        | Jukskei     | Jukskei  | Jukskei        | Jukskei |
| 9:30 – 10:30  | Biokinetika    | Pilates     |          | Biokinetika    | Pilates |
| 10:00 – 11:00 |                |             | Lyndans  |                |         |
| 14:00 – 16:00 |                | Naaldwerk   |          |                |         |
| 15:00 – 15:30 | Water aërobics |             |          | Water aërobics |         |
| 15:00 – 17:00 |                | Tafeltennis |          | Tafeltennis    |         |



**Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelië indien tye van aktiwiteite verander.**

\*\*\*\*\*

## Leer ken Negester Slang

Ssssss...leer ken die?

### Groen gespikkelde bosslang.

(*Philothammus semivariatus*)



♀ Teenwoordig in Negester leefstyllandgoed.

’n Spesie van die nie-giftige slang endemies tot Suid-Afrika.

♀ Interessante inligting:

Hierdie slang eet nie in gevangeskap nie en is dus nie ’n troetelslang nie.

♀ Voedsel: verkleurmanneljies, boompaddas, geitjies.

♀ Skadeloos teen mens en dier. Moenie optel nie, want jy kan wel gebyt word.

♀ Die wyfie (850mm) is langer as die mannetjie (825mm).

♀ Bou: ’n Slank, dun slang met ’n lang stert en ’n pertinente plat kop. Die lyf is helder groen tot olyfkleurig met donker kolle op die voorlyf se strepe wat bruin-grys word agtertoe. Kop is groen/blougroen.

♀ Broeityd: Gedurende die middel-somermaande. Drie tot twaalf langwerpige eiers word gelê.

♀ Aangetref: Noordelike dele van Suid-Afrika sover as die Noord-Kaap en Kalahari.

Oostelike dele van S.A. in Namakwaland.

Westelike dele van S.A. in Port-Elizabeth.

Sentrale Afrika tot by Sudan en Guinea.

♀ Seil gemaklik op teen voorwerpe bv. huismure waar hul kos jag in spasies/ openinge tussen mure/plafonne.

Bron: Google: Wikipedia

<https://www.africansnakebiteinstitute>

<https://www.southafrica.co.za>

**-Gusta-**

\*\*\*\*\*

# Kom krap saam in ons Taalkis...




## VOLKSETIMOLOGIE

Volksetimologie- dit is wanneer vreemde woorde deur sprekers omvorm word tot iets wat vir hulle meer sin maak, bv. eau de Cologne word vervorm tot oliekolonie. Nou wonder ek wie ken die kinderspeletjie "hasie-a-boel" of soos ek dit as laerskoolkind leer ken het as katsels. Nooit geweet waar kom die snaakse naam vandaan nie, tot ek as groot mens kennis

geneem het van die Engelse speletjie "Castles are blue". Toe word castles maklik katsels en castles are blue word hasie-a-blou. Seker Engelse kinders na die Anglo-Boere-oorlog wat die speletjie hiernatoe gebring het.

Henk Kruger



## Voël Van Die Maand

Geelborswillie  
Eng: Yellow-bellied greenbul  
*Chlorocichla flaviventris*

Dit lyk soos 'n Tiptol, maar as jy weer kyk, dan besef jy dat die kleur nie reg is nie. Hierdie outjie het 'n olyfkleurige rugkant en 'n geel onderkant met 'n diagnostiese wit oogstreep. Die Geelborswillie word gereeld gesien hier op Negester, maar is nie naastenby so volop soos die Tiptolle nie.

Hy vertoef ook nie lank nie, maar beweeg gou weer aan op soek na iets te ete. Hulle eet vrugte en insekte en sal selfs parasiete op wildsbokke soek. Hulle is nie skaam nie en sal die vrugte wat jy dalk uitsit vir die voëls kom geniet en sal ook, soos in die foto, die suikerwater uit die waterbottel kom drink. **NB** Onthou asb. om net gewone wit suiker in die water te sit en nooit enige kunsmatige versoeters nie. Laasgenoemde is dodelik vir voëls

Dit is 'n algemene standvoël in kus- en rivierwoud, digte boomveld en ruigtes en tuine en mangliete. Dit is versprei oor die oostelike dele van Natal, Mpumalanga en feitlik die hele Limpopo en verder noord tot sover as die noordelike dele van Botswana en Namibië en in 'n band dwarsoor die kontinent van Angola tot Noord-Mosambiek en dele van Tanzanië. Negester is baie na aan die suidelike grens van sy gebied.

Bronne geraadpleeg:  
Wikipedia  
Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe  
Sappi Birds of South Africa

Jan van Biljon  
BOSVELD VOËLKLUB




Geelborswillie – Foto: Jan van Biljon






# MENINGSOPNAME GEMAAK: STERRELIG NUUSBLAD

Ek lees die Sterrelig Nuusbriëf.




- Glad nie
- In 'n mindere mate
- In 'n groot mate
- In 'n baie groot mate

Ek is tevrede met die uitleg van die Sterrelig Nuusbriëf.




- Glad nie
- In 'n mindere mate
- In 'n groot mate
- In 'n baie groot mate

Ek is tevrede met die aantal bladsye




- Glad nie
- In 'n mindere mate
- In 'n groot mate
- In 'n baie groot mate

Ek is tevrede met die berigging en gehalte van die Sterrelig




- Glad nie
- In 'n mindere mate
- In 'n groot mate
- In 'n baie groot mate

Ek verkies die Sterrelig Nuusbriëf slegs in gedrukte formaat




- Ja
- Nee
- Ek weet nie

Ek hou van die nuwe Sterrelig Nuusbriëf se mashoof (Briefhoof)




- Ja
- Nee
- Ek weet nie

Hoe gereeld moet die Sterrelig Nuusbriëf verskyn?



- Maandeliks
- Kwartaaliks
- Maandeliks Of elke 2 maande

Die lettergrootte en lettertipe (Font) wat gebruik word in die Sterrelig Nuusbriëf is gemaklik om te lees.



- Ja
- Nee

**DIREKTEUR:** Johan van Heerden

**SPORT**

Sameroeper: Vakant  
 Fietsry: Stephanie de Haas  
 Tennis: Wilna van Zyl  
 Rolbal: Leon Raath  
 Gholf: Coenie Louw  
 Jukskei: Hannes du Plessis  
 Putt-Putt: Chris Rademan  
 Tafeltennis: Piet van Zyl  
 Pilates: Trish Fitzpatrick  
 Biokinetika: Hannie Schoeman  
 Visvang: Cassie Walkers  
 Wataerobics: Charlotte Burger

**FINANSIES, BEGROTING, BEPLANNING EN ADMINISTRASIE**

**Direkteur:** Johan van Heerden, Chris Schoeman  
 Sameroeper: Chris Schoeman  
 Lede: Flip Snyders; Koos Burger  
 Johan van Heerden; Allen Wesson

**OMGEWING**

Sameroeper: Arrie Schreiber  
 Notuleerder: Evelyn Schreiber  
 Voëlklub: Gerhard Vosloo  
 Plante: Johan Heydenrych, Leonora Visagie  
 Diere: Hannes du Plessis, Pieter Olivier, Des van Heerden, Fred Balt  
 Terrein: André Greyling, Ellis van der Merwe

**DIREKTEUR:**

**SOSIAAL**

Sameroeper: Derek Grobler  
 Lyndans: Annette Swart  
 Biblioteek: Mary-Ann Venter  
 Handwerk: Rita Coetzee  
 Markdag: Annatjie Ras  
 Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel  
 Wyngilde: Alida Meyer

**SORGDIENSTE**

**KOMITEE** Alle direksielede

Sameroeper: Annatjie Moore  
 Sorgsentrum: Sr Delia Venter  
 Lede: Hannie Schoeman, Hennie de Wet, Herklaas Viljoen.

**ONDERSTEUNING (Lief en Leed)**

Sameroeper: Vakant.  
 Ondersteuning: Vakant.  
 KANSA: Nellie Buitendag.  
 Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

**KOMMUNIKASIE**

**STERRELIG**

Redakteur: Ria Fourie  
 Lede: Henk Kruger; Albert Behrens, Sandra Kemp; Gusta Hoare, Annamarië Krüger  
 Fotografe: Albert Behrens  
 Bemarking: Nellie Buitendach  
 Finansies: Nellie Buitendach

**WEBBLADSY:** Angus Hughes

**BYBELSTUDIE**

**Manne Bybelstudie:**

Sameroeper: Dawie van Niekerk

**DIREKTEUR:** Thinus Roos

**VEILIGHEID EN SEKURITEIT**

Sameroeper: Ben Meyer  
 Lede: Neville Hoare, Roelf Venter, Gerhard Pretorius, Thinus Roos

**ESTETIESE KOMITEE**

**Direkteur:** Thinus Roos

Lede: Dawie van Niekerk; Wynand Theron  
 MST:

**INSTANDHOUDING-ADVIESKOMITEE**

Sameroeper: Dawie van Niekerk  
 Lede: Johan Marx, Nellie Buitendach, Dries Schoeman.

**DIREKSIE-ADVIESKOMITEE**

Sameroeper: Chris Schoeman  
 Regsadviseurs: Chris vd Walt; André Barnard  
 Lid: Willie Steenkamp



BELANGSTELLENDEN WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.